54	54		Sigarette, wat Suid-Rhodesië se oorbelastingseëls dra	—	Die bedrag waarmee 8s. per lb. plus Unie seëlreg, 6s. per lb. plus 15 persent *ad valorem* plus die waarde van die oorbelastingseëls op die pakkies, oorskry. In gevalle waar 'n korting van 50 persent op Suid-Rhodesië se belasting toegestaan word, is die addisionele reg.—Bedrag waarmee 8s. per lb. plus Unie seëlreg, 3s. per lb. plus 7½ persent *ad valorem* plus die waarde van die oorbelastingseëls op die pakkies, oorskry.—Geen korting op algemene reg toegelaat nie			Vir alle kolomme. NOTA.—Suid-Rhodesië laat 'n korting van 50 persent toe op die toepaslike regte onder item 54 op ingevoerde sigarette vervaardig in die Britse Statebond, en bevattende 50 persent of meer blaartabak gekweek in Suid-Rhodesië.
Vervang Tariefitems Suid-Rhodesië 57, Unie 57 (*a*) deur die volgende:—								
Ex 57	57	(*a*)	Sigarettabak, bewerk.....	per lb.	In gevalle waar 50 persent korting van Suid-Rhodesië se belasting toegestaan word is die addisionele reg— 0 2 2	0 2 2	Geen korting toegelaat nie	NOTA.—Sigarettabak beteken— (*a*) enige tabak wat in repe van minder as een vyf-en-twintigste van 'n duim in breedte gesny is; (*b*) enige gesnyde tabak wat vir die vervaardiging van sigarette beskryf of vir verkoop aangebied word; of (*c*) 'n mengsel van enige gesnyde tabak en die tabak wat in paragrawe (*a*) en (*b*) van hierdie Nota omskryf is.
Vervang Tariefitems Suid-Rhodesië ex 57, Unie 57 (*a*) deur die volgende:—								
Ex 57	57	(*a*)	Tabak, vervaardig, ander.....	per lb.	In gevalle waar 50 persent korting van Suid-Rhodesië se belasting toegestaan word, is die addisionele reg— 0 2 8	0 2 8	Geen korting toegelaat nie	NOTA.—Suid-Rhodesië laat 'n korting van 50 persent toe op die toepaslike regte onder item 54 op ingevoerde sigarette vervaardig in die Britse Statebond, en bevattende 50 persent of meer blaartabak gekweek in Suid-Rhodesië.
Ex 122	(*g*)	122	(*g*) (ii)	Onder „ *Addisionele Reg op Goedere, die Oorsprong van*—" skrap die woorde „ Daar Suid-Rhodesië se invoerreg tydelik opgeskort is—*ad valorem* 20% 20% 20% ".				
Ex 122	(*g*)	122	(*g*) (iii)	Onder „ *Addisionele Reg op Goedere, die Oorsprong van*—" Skrap die woorde „ Daar Suid-Rhodesië se invoerreg tydelik opgeskort is—*ad valorem* 20% 20% 20% "				
Voeg die volgende in:—					Daar Suid-Rhodesië se invoerreg tydelik opgeskort is—			
Ex 331	Ex 335		Gevormde plastiese toiletkamerspoel-	*ad valorem*	10%	10%	10%	—

*No. 1529.] [17 July, 1953.

CUSTOMS ACT No. 35 OF 1944—AMENDMENT TO ANNEXURES 1 AND 3 TO GOVERNMENT NOTICE No. 526 OF 18TH MARCH, 1949, AS AMENDED.

It is notified for general information that, under the powers vested in the Minister of Finance, by section *one hundred and sixty-two* of the Customs Act, No. 35 of 1944, Annexures 1 and 3 to Government Notice No. 526 of 18th March, 1949, as amended, are hereby further amended as follows:—

ANNEXURE 1.

Tariff Items.		*Description.*	*Unit.*	*Additional Duty on Goods, the Origin of—*			*Remarks.*
Union.	*Southern Rhodesia.*			*U.K. and Colonies.*	*Dominions.*	*General.*	
				£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	
For Tariff Items Union 53, Southern Rhodesia 53, substitute the following:—							
53	53	Cigars and cigarillos.....	per lb.	0 11 0	The amount by which 0 11 0 plus	0 13 0	—
			ad valorem	15%	15% and in addition	15%	—
			per lb.	0 1 6	0 1 6 exceeds	0 1 6	—
			per lb.	0 9 6	0 9 6	0 9 6	Col. 2.—Excluding India and Pakistan. Col. 3.—Countries in Annexure A.
			per lb.	—	0 11 4	0 11 4	Col. 2.—India and Pakistan. Col. 3.—Countries *not* in Annexure A.
129 ex Ex 335	(*c*) 129 ex Ex 331	(*a*) (ii) Under "*Description*" substitute for the words "when imported separately" the words "when imported with the vehicle". Under "*Additional Duty on Goods, the Origin of—*", insert after the words "plastic sinks", the words "moulded plastic lavatory cisterns".					

ANNEXURE 3.

Tariff Items.		*Description.*	*Unit.*	*Additional Duty on Goods, the Origin of—*			*Remarks.*
Southern Rhodesia.	*Union.*			*U.K. and Colonies.*	*Dominions.*	*General.*	
				£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	
For Tariff Items Southern Rhodesia 51, Union 51, substitute the following:—							
51	51	Waters: Mineral, aerated and table—					
(*a*)	(*a*)	in bottles containing each not more than ¾ reputed pint			The amount by which		
			per doz. bottles	0 1 9	0 1 9 exceeds	0 1 9	—
			per doz. bottles	0 0 9	0 0 9 and in addition	0 0 9	—
			per imp. gallon	0 1 0	0 1 0	0 1 0	—
				As Southern Rhodesia duty has been partially suspended—			
					the amount by which		
			per doz. bottles.	0 1 9	0 1 9 exceeds	0 1 9	—
			per doz. bottles	0 0 9	0 0 9 and in addition	0 0 9	—
			per imp. gallon	0 0 8	0 0 8	0 0 8	—
(*b*)	(*b*)	in bottles containing each more than ¾ reputed pint but not more than 1½ reputed pints			The amount by which		
			per doz. bottles	0 2 0	0 2 0 exceeds	0 2 0	—
			per doz. bottles	0 1 0	0 1 0 and in addition	0 1 0	—
			per imp. gallon	0 1 0	0 1 0	0 1 0	—
				As Southern Rhodesia duty has been partially suspended—			
					the amount by which		
			per doz. bottles	0 2 0	0 2 0 exceeds	0 2 0	—
			per doz. bottles	0 1 0	0 1 0 and in addition	0 1 0	—
			per imp. gallon	0 0 8	0 0 8	0 0 8	—

Tariff Items. Southern Rhodesia.	Tariff Items. Union.	Description.	Unit.	Additional Duty on Goods, the Origin of— U.K. and Colonies. £ s. d.	Dominions. £ s. d.	General. £ s. d.	Remarks.
				As Southern Rhodesia duty has been partially suspended— the amount by which			
(*c*)	(*c*)	in larger size bottles or other containers	per imp. gallon	0 2 0	0 2 0 exceeds	0 2 0	—
			per imp. gallon	0 1 0	0 1 0 and in addition	0 1 0	—
			per imp. gallon	0 0 8	0 0 8	0 0 8	—
Delete the following:—							
53	53	Cigars and cigarillos.....	per lb.	—	The amount by which 0 11 4 exceeds	—	Col. 2.—India and Pakistan.
			per lb.	—	0 11 0 plus	—	
			ad valorem	—	15%	—	
For Tariff Items Southern Rhodesia 54, Union 54, substitute the following:—							
54	54	Cigarettes, bearing Southern Rhodesia Surtax stamps	—		The amount by which 8s. per lb. plus Union stamp duty exceeds 6s. per lb. plus 15 per cent *ad valorem* plus the value of the Surtax stamps on the packets. In cases where 50 per cent rebate of Southern Rhodesia duty is granted, the additional duty will be—Amount by which 8s. per lb. plus Union stamp duty exceeds 3s. per lb. plus 7½ per cent *ad valorem* plus the value of the Surtax stamps appearing on the packets. No rebate granted on general rate	For all columns. NOTE.—Southern Rhodesia grants a rebate to the extent of 50 per cent of the relevant rates of duty shown in item 54 on imported cigarettes, the origin of the British Empire, containing 50 per cent or more leaf, the produce of Southern Rhodesia.
For Tariff Items Southern Rhodesia ex 57, Union 57 (*a*), substitute the following:—							
Ex 57	57 (*a*)	Cigarette tobacco (manufactured).....	per lb.	0 2 2	In cases where 50 per cent rebate of Southern Rhodesia duty is granted, the additional duty will be— 0 2 2	No rebate granted	NOTE.—Cigarette Tobacco means— (*a*) any tobacco cut into strips less than one twenty-fifth of an inch in width; or (*b*) any cut tobacco described or offered for sale as tobacco for making into cigarettes; or (*c*) a mixture of any cut tobacco as defined in paragraph (*a*) or (*b*) of this Note.
For Tariff Items Southern Rhodesia ex 57, Union 57 (*b*), substitute the following:—							
Ex 57	57 (*b*)	Tobacco, manufactured, other.....	per lb.	0 2 8	In cases where 50 per cent rebate of Southern Rhodesia duty is granted the additional duty will be— 0 2 8	No rebate granted	NOTE.—Southern Rhodesia grants a rebate of 50 per cent of the relevant rates of duty shown in item 57 on imported manufactured tobacco the origin of the British Empire, containing 50 per cent or more leaf, the produce of Southern Rhodesia.
Ex 122 (*g*)	122 (*g*) (ii)	Under "*Additional Duty on Goods, the Origin of*—" delete the words and figures "As Southern Rhodesia duties have been temporarily suspended—*ad valorem* 20% 20% 20%".					
Ex 122 (*g*)	122 (*g*) (iii)	Under "*Additional Duty on Goods the Origin of*—" delete the words and figures "As Southern Rhodesia duties have been temporarily suspended—*ad valorem* 20% 20% 20%".					
Insert the following:—							
Ex 331	Ex 335	Moulded plastic lavatory cisterns.....	*ad valorem*	As Southern Rhodesia duties have been temporarily suspended— 10%	10%	10%	—

✱ No. 1544.] [17 Julie 1953.

Staat van Inkomste en Leningsterugbetalings, ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1952 tot 31 Maart 1953 (Finaal).

Tesourie, Pretoria.

✱ No. 1544.] [17 July 1953.

Statement of Revenue and Loan Recoveries collected during the period 1st April, 1952, to 31st March, 1953 (Final).

Treasury, Pretoria.

Hoofde van Inkomste.	Heads of Revenue.	Begroting, 1952–53. *Estimates, 1952–53.*	Ingevorder vir die jaar geëindig 31 Maart 1952. *Collections for Year ended 31st March, 1952.*	Maand Maart. *Month of March.* 1953.	Maand Maart. *Month of March.* 1952.	Totaal 1 April tot 31 Maart. *Total 1st April to 31st March.* 1953.	Totaal 1 April tot 31 Maart. *Total 1st April to 31st March.* 1952.
		£	£	£	£	£	£
Op Inkomsterekening.	*On the Revenue Account.*						
Doeane en Aksyns—	Customs and Excise—						
Invoerregte	Customs Duties	20,400,000	20,770,782	2,000,637	1,611,777	18,818,069	20,770,782
Invoerregte, Algemeen	Customs, General	70,000	72,220	22,454	3,626	106,413	72,220
	£	20,470,000	20,843,002	2,023,091	1,615,403	18,924,482	20,843,002
Aksyns—	Excise—						
Spiritualieë	Spirits	6,550,000	6,396,039	442,671	445,710	6,555,578	6,396,039
Wyn	Wine	1,160,000	1,111,193	69,130	71,282	1,118,867	1,111,193
Bier	Beer	3,250,000	2,259,143	288,641	166,414	3,479,211	2,259,143
Sigarette en sigarettabak	Cigarettes and Cigarette Tobacco	14,400,000	10,263,761	1,600,982	982,796	14,544,794	10,263,761
Pyptabak en sigare	Pipe Tobacco and Cigars	1,250,000	842,797	96,814	63,414	1,345,836	842,797
Vuurhoutjies	Matches	250,000	249,332	21,034	21,824	263,137	249,332
Motorbrandstof	Motor Fuel	130,000	142,022	11,936	13,084	144,050	142,022
Buite- en binnebande	Tyres and Tubes	850,000	785,447	63,115	62,625	746,252	785,447
Gis	Yeast	120,000	122,056	5,979	14,714	97,883	122,056
Lekkergoed (met inbegrip van sjokolade)	Sweets (including chocolates)	600,000	—	56,420	—	679,218	—
Spuit- en Mineraalwater, ens.	Aerated and Mineral Waters, etc.	1,150,000	—	99,783	—	978,684	—
Asynsuur, houtasyn, ekstrakte en essense van asyn	Acetic and Pyroligneous Acids	—	—	1,126	—	2,079	—
Diverse	Miscellaneous	5,000	4,318	234	413	6,240	4,318
	£	29,715,000	22,176,108	2,757,865	1,842,276	29,961,829	22,176,108
	£	50,185,000	43,019,110	4,780,956	3,457,679	48,886,311	43,019,110
Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese—	Posts, Telegraphs and Telephones—						
Poswese	Posts	6,933,000	6,630,792	682,273	602,018	7,448,482	6,630,792
Telegraafwese	Telegraphs	2,475,000	2,246,362	285,314	250,341	2,491,495	2,246,362
Telefoonwese	Telephones	9,575,000	7,956,805	882,249	842,061	10,245,659	7,956,805
Offisiële telegraaf en -telefoonwese	Official Telegraphs and Telephones	517,000	467,157	60,993	68,055	524,770	467,157
	£	19,500,000	17,301,116	1,910,829	1,762,475	20,710,406	17,301,116
Binnelandse Inkomste	Inland Revenue—						
Mynwese—	Mining—						
Lisensies en mynpagregte	Licences and Mijnpacht Dues	102,000	116,520	8,468	8,732	116,772	116,520
Staatsdiamantdelwerye	State Diamond Diggings	975,000	928,835	60,128	114,924	1,092,786	928,835
Inkomstebelasting (met inbegrip van superbelasting)	Income Tax (including Super Tax)	101,443,000	92,240,366	14,018,266	10,366,681	115,286,832	92,240,366
Diamantmyne—Spesiale bydrae	Diamond Mines—Special Contributions	—	971	—	—	—	971
Goudmyne—Spesiale bydrae	Gold Mines—Special Contributions	—	—	—	—	83	—
Belasting op onuitgekeerde wins	Undistributed Profits Tax	—	254,936	887	58,904	35,523	254,936
Belasting op buitelandse aandeelhouers	Non-Resident Shareholders' Tax	3,000,000	3,401,083	710,391	635,772	3,921,832	3,401,083
Persoonlike en spaarfonds-belasting	Personal and Savings Fund Levy	10,000	18,027	2,544	2,275	18,539	18,027
Lisensies	Licences	1,550,000	1,554,083	83,167	91,051	1,672,555	1,554,083
Seëlregte en gelde	Stamp Duties and Fees	4,300,000	3,658,394	425,103	338,594	4,300,922	3,658,394
Sterfregte	Death Duties	1,505,000	1,510,943	*Dr. 1,251*	3,022	1,503,685	1,510,943
Naturellebelastings	Native Taxes	1,350,000	1,349,490	157,574	131,122	1,486,485	1,349,490
Naturellepasgelde en kamponggelde	Native Pass and Compound Fees	280,000	280,181	22,228	21,771	261,262	280,181
Boetes en verbeurdverklarings	Fines and Forfeitures	1,000,000	951,335	136,680	95,073	1,185,283	951,335
Erfpag en plaasbelastings	Quitrents and Farm Taxes	3,000	4,135	*Dr. 596*	8	3,560	4,135
Huurgelde van staatseiendom	Rents of Government Property	670,000	655,667	181,521	143,043	694,396	655,667
Bosinkomste	Forest Revenue	1,500,000	2,083,761	—	254,700	1,500,000	2,083,761
Afbetalings van voorskotte	Recoveries of Advances	60,000	88,826	28,652	32,425	55,694	88,826
Rente	Interest	6,700,000	6,333,769	923,881	994,390	6,927,905	6,333,769
Departementele ontvangste	Departmental Receipts	5,700,000	6,124,760	1,399,115	1,071,236	7,117,148	6,124,760
Oorlogstydse ekstra heffing op hereregte betalings	War surcharge Transfer Duty	10,000	17,239	204	2,615	16,028	17,239
Hereregte	Transfer Duty	5,200,000	5,152,035	491,661	512,467	4,893,206	5,152,035
Belastings op die koop en verkoop van handelseffekte	Tax on Purchase and Sale of Marketable Securities	700,000	581,915	59,278	46,182	328,111	581,915
Diverse	Miscellaneous	1,650,000	11,070,566	775,849	1,155,389	2,833,338	11,070,566
	£	137,708,000	138,377,837	19,483,750	16,080,376	155,251,945	138,377,837
	£	207,393,000	198,698,063	26,175,535	21,300,530	224,848,662	198,698,063
(*a*) Nasionale Padfonds	(*a*) National Road Fund	7,700,000	7,406,864	777,787	739,518	7,663,862	7,406,864
(*b*) Suid-Afrikaanse Naturelletrust	(*b*) South African Native Trust	939,000	1,031,192	119,252	113,924	1,103,677	1,031,192
(*c*) Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie	(*c*) South African Broadcasting Corporation	—	—	70,000	—	230,746	—
	£	8,639,000	8,438,056	967,039	853,442	8,998,285	8,438,056
	£	216,032,000	207,136,119	27,142,574	22,153,972	233,846,947	207,136,119
Op Leningsrekening.	*On Loan Account.*						
Mynwese—	Mining—						
Diamantmyne	Diamond Mines	—	7,836	—	469	5,797	7,836
Uitvoerbelasting op diamante	Export Duty on Diamonds	600,000	1,043,461	129,258	126,356	925,071	1,043,461
Goudmynhuurkontrakte	Gold Mining Leases	2,010,800	2,296,717	164	52	1,810,372	2,296,717
Ander mynhuurkontrakte	Other Mining Leases	60,000	65,727	388	174	76,329	65,727
Bewaarplaats	Bewaarplaats	13,000	18,839	—	—	14,750	18,839
Staatsdiamantdelwerye	State Diamond Diggings	1,102,000	2,074,929	176,080	193,670	1,498,702	2,074,929
Sterfregte	Death Duties	4,280,000	4,655,561	573,486	590,688	4,569,487	4,655,561
Verkopings van kroongronde	Sales of Crown Lands	325,000	482,552	202,206	239,942	316,301	482,552
Agterstallige Invorderings—	Arrear Collections—						
Oorwinsbelasting	Excess Profits Duty	50,000	*Dr. 151,659*	20,313	*Dr. 270,138*	*Dr. 209,360*	*Dr. 151,659*
Spesiale belasting op bedryfswins	Trade Profits Special Levy	—	4,890	*Dr. 2,761*	6,086	17,983	4,890
Winsbelasting op vasgoed	Fixed Property Profits Tax	6,000	9,956	203	498	6,864	9,956
Bosinkomste	Forest Revenue	—	—	304,557	—	889,998	—
Diverse	Miscellaneous	7,354,000	7,315,980	3,279,118	3,345,155	6,719,270	7,315,980
	£	15,800,000	17,824,789	4,683,012	4,232,952	16,641,564	17,824,789
Totaal inkomste en leningsterugbetalings	Total Revenue and Loan Recoveries £	231,832,000	224,960,908	31,825,586	26,386,924	250,488,511	224,960,908
Ooreenbrenging met opgaaf gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 750 in *Uniestaatskoerant* van 10 April 1953—	Reconciliation with Statement published under Government Notice No. 750 in *Union Government Gazette* of 10th April, 1953—						
Onderweg, 31 Maart 1952	In Transit, 31st March, 1952	—	—	—	—	1,637,249	—
Onderweg, 28 Februarie 1953	In Transit, 28th February, 1953	—	—	1,461,118	—	—	—
Invorderinge soos hierbo	Collections, as above	—	—	31,825,586	—	250,488,511	—
Onderweg, 31 Maart 1953	In Transit, 31st March, 1953 £	—	—	33,286,704	—	252,125,760	—
In skatkis ontvang	Received into Exchequer £	—	—	2,558,263	—	2,558,263	—
		—	—	30,728,441	—	249,567,497	—

(*a*) Act No. 42 of 1935, as amended.—(*a*) Wet No. 42 van 1935, soos gewysig.
(*b*) Act No. 41 of 1925, as amended.—(*b*) Wet No. 41 van 1925, soos gewysig.
(*c*) In ooreenstemming met Artikel 15 van Wet No. 3 van 1952. Voorheen direk deur die Postmeester-generaal verantwoord.
(*c*) In accordance with Section 15 of Act No. 3 of 1952. Previously accounted for direct by the Postmaster-General.

✱ No. 1545.] [17 Julie 1953.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Cornelius Jacobus van Zyl, Assistent-magistraat, aangestel is as Ontvanger van Doeane en Aksyns, Port Nolloth.

✱ No. 1552.] [17 Julie 1953.

1. Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar, volgens 'n mededeling deur die Tesourie ontvang, nou in Duitsland kragtens die Verliesvasstellingswet (*Feststellungsgesetz*) fasiliteite beskikbaar is om besonderhede te laat registreer van oorlogskade wat tot en met 31 Julie 1945 deur sekere soorte eiendom gely is wat in die gebied van die Duitse Federale Republiek en in Wes-Berlyn geleë is.

2. In die Wet word uitdruklik verklaar dat die vasstelling van skade ooreenkomstig sy bepalings nie die grondslag van 'n eis om vergoeding uitmaak nie; of daar wel en in watter mate vergoeding betaalbaar is, word beheer deur die bepalings van die wetgewing op gelykmaking van laste (*Lastenausgleich*) wat ook uitgevaardig is. Die Verliesvasstellingswet dek dus alleenlik die reëling vir die indiening van aansoeke om die omvang van die skade te laat vasstel.

3. Die Wet bepaal dat aansoeke om vasstelling ten opsigte van die volgende soorte eiendom ingedien kan word:—

(*a*) Vaste eiendom;

(*b*) ander tasbare toebehore van landbou-, bosbou-besigheids- en industriële eiendom;

(*c*) artikels by die uitoefening van 'n beroep of ambag nodig;

(*d*) huishoudelike goedere waar die verlies gely meer as 50 persent bedra het van die markwaarde ten tyde van die beskadiging van die inhoud van 'n huis.

4. Skade benede 500 Reichsmark (met uitsondering van huishoudelike goedere), skade aan eiendom wat verkry is deur voordeel te trek uit die beleid van die Nazibewind, en skade reeds kragtens die Oorlogskade-ordonnansie van 30 November 1940 vergoed, is uitgesluit ingevolge hierdie Wet. Dieselfde geld skade aan eiendom wat buite die Federale gebied en Wes-Berlyn lê, en aan alle ontasbare bate.

5. Met betrekking tot oorlogbeskadigde eiendom wat sedert die einde van die oorlog verkoop is, is die Tesourie meegedeel dat die verkoop nie ter sake is nie, aangesien die vorige eienaar die persoon bly wat die direkte skade gely het (*unmittelbar Geschädigte*) en enige sessie van die eis is uitgesluit. Die eiser kan net òf die *unmittelbar Geschädigte* òf sy erfgenaam wees.

6. Aansoeke om die vasstelling van verlies mag alleenlik deur natuurlike persone gedoen en moet voor 18 Augustus 1953 ingedien word op 'n amptelike vorm, wat van die owerhede van die gemeente (*Gemeinde*) waar die skade ontstaan het, verkrygbaar is. Vorms is nie van die Tesourie verkrygbaar nie.

7. Die Tesourie is ongelukkig nie in staat om navrae in verband met die uitleg of werking van die Wet te beantwoord nie, en daar word aan die hand gedoen dat eisers navrae òf direk òf deur middel van 'n regsverteenwoordiger in Duitsland aan die owerhede van die *Gemeinde* rig, waar die eiendom is of waar die skade gely is.

✱ No. 1545.] [17 July 1953.

It is hereby notified for general information that Cornelius Jacobus van Zyl, Assistant Magistrate, has been appointed Collector of Customs and Excise, at Port Nolloth.

✱ No. 1552.] [17 July 1953.

1. It is notified for general information that according to advices received by the Treasury, facilities are now available in Germany under the terms of the Loss Assessment Law (*Feststellungsgesetz*) for registering particulars of war damage suffered up to 31st July, 1945, by certain types of property situated in the territory of the Federal German Republic or in Western Berlin.

2. It is expressly stated in the Law that the assessment of damage in accordance with its provisions provides no basis for a claim to compensation; whether and to what extent compensation is payable is governed by the provisions of the Equalisation of Burdens (*Lastenausgleich*) legislation which has also been promulgated. The Loss Assessment Law therefore deals only with the arrangements for submitting applications for the amount of damage to be assessed.

3. The law provides that applications for assessment may be made in respect of the following property:—

(*a*) Real property;

(*b*) other tangibles appertaining to agricultural, forestry, business or industrial property;

(*c*) articles required for the exercise of a profession or trade;

(*d*) household goods where the loss sustained exceeded 50 per cent of the market value at the date of damage of the contents of a home.

4. Damage under 500 Reichsmark (with the exception of household goods), damage concerning property acquired by taking advantage of the policy of the Nazi regime, and damage already compensated under the War Damage Ordinance of the 30th November, 1940, are excluded from the Law. The same applies to damage to property situated outside the Federal Territory and Western Berlin, and to all intangibles.

5. In regard to war-damaged property which has been sold since the end of the war, the Treasury is advised that the sale is irrelevant as the former owner is still the directly damaged person (*unmittelbar Geschädigte*), and any cession of the claim is excluded. The claimant can only be the *unmittelbar Geschädigte* or his heir.

6. Applications for the assessment of loss may be made only by natural persons and must be submitted before 18th August 1953, on an official form which is obtainable from the authorities of the Parish (*Gemeinde*) where the damage occurred. Forms are not obtainable from the Treasury.

7. It is regretted that the Treasury is not in a position to deal with enquiries regarding the interpretation or operation of this Law, and claimants are advised to address any such enquiries either direct or through a legal representative in Germany, to the authorities of the *Gemeinde* where the property is situated or the damage was incurred.

✱ No. 1556.] [17 Julie 1953.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een* van Wet No. 13 van 1855 (Kaap), die aanstelling van Cornelius Jacobus van Zyl as Koopvaardymeester te Port Nolloth goed te keur.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 1522.] [17 Julie 1953.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

[Ingevolge die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952.]

Aan Charles Goodyer, geregistreerde eienaar van Onderverdeling No. 58 van Perseel No. 41, Cove Rock Sections, naby Cove Rock, Afdeling Oos-London.

Geliewe kennis te neem dat kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses* van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, en artikel *sewe-en-tagtig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), soos gewysig, Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal besluit het om ondergenoemde eiendom vir lugvaartdoeleindes te onteien, te neem of aan te koop: Onderverdeling No. 58 van Perseel No. 41, Cove Rock Sections, naby Cove Rock, Afdeling Oos-Londen, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, groot 142 vierkant roede 4 vierkant voet, gehou deur u, genoemde Charles Goodyer, by Akte van Transport No. 1122, gedateer 18 Oktober 1904.

Aangesien daar verneem word dat u die eienaar van die betrokke grond is of belang daarby het, word u hierby aangesê om volle besonderhede van u belang daarby en enige eis wat u dienaangaande stel, aan my bekend te maak en om my in kennis te stel of enige ander persoon of persone, behalwe uself, op enige belang of vergoeding ten aansien van die grond aanspraak maak.

Voorts moet ek u meedeel dat ek gewillig is om te onderhandel vir die aankoop van die grond, en vir sover dit vergoeding aan alle belanghebbendes betref, vir skade wat hulle mag ly as gevolg van sodanige aankoop of die ten uitvoer bring van die doel waarvoor die grond nodig is, met dien verstande, egter, dat indien daar bevind word dat die betrokke grond binne die bestek val van enige bepaling in sake vrystelling van vergoeding wat in 'n toepaslike Wet voorkom, ek nie bereid sal wees om enige koopsom of vergoeding te betaal nie.

U aandag word gevestig op die bepalings van die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952, ingevolge waarvan, indien u 60 dae na plasing van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*, in gebreke sou bly om volledige besonderhede te verstrek van u eis ten aansien van die bogemelde grond of om in verband daarmee met my te onderhandel, die bedrag van vergoeding bepaal sal word soos in genoemde Proklamasie omskryf.

Hierdie kennisgewing word by die Registrateur van Aktes, King William's Town, ingedien.

Alle briefwisseling in verband met hierdie saak moet gerig word aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad.

Gedateer te Kaapstad op hede die 1ste dag van Julie 1953.

EDMUND HESS,
Sekretaris van Lande.

✱ No. 1556.] [17 July 1953.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General, by virtue of the powers vested in him by section *one* of Act No. 13 of 1855 (Cape), has been pleased to approve of the appointment of Cornelius Jacobus van Zyl as Shipping Master at Port Nolloth.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 1522.] [17 July 1953.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

[In terms of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952.]

To Charles Goodyer, registered owner of Division No. 58 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London.

Please take notice that by virtue of the powers conferred upon him by section *six* of the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, and section *eighty-seven* of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended, His Excellency the Governor-General requires to expropriate, take or purchase for aviation purposes, Division No. 58 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London, Province of the Cape of Good Hope, measuring 142 square roods 4 square feet, held by you, the said Charles Goodyer, by virtue of Deed of Transfer No. 1122, dated 18th October, 1904.

As I understand that you are the owner or person interested in such land, I hereby call upon you to disclose to me full particulars of your interest therein and all claims made by you in respect thereof, and to inform me whether any other person or persons beside yourself claim any interest or compensation in the said land.

I have further to inform you that I am willing to treat for the purchase of the said land and as to compensation to be made to all parties for damage that may be sustained by them by reason of such purchase or the carrying out of the purpose for which the land is required, provided, however, that should the said land be found to come within any exemption from compensation mentioned by any law applicable thereto, I should not be prepared to pay either purchase price or compensation.

Your attention is invited to the provisions of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952, in terms of which, if for 60 days after publication of this notice in the *Government Gazette* you should fail to state the particulars of your claim in respect of the above-mentioned land, or to treat with me in respect thereof, the amount of compensation will be determined in the manner provided for in the said Proclamation.

This notice is being lodged with the Registrar of Deeds, King William's Town.

All communications in connection with this matter should be addressed to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 747, Cape Town.

Dated at Cape Town this 1st day of July, 1953.

EDMUND HESS,
Secretary for Lands.

✱ No. 1523.] [17 Julie 1953.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

[Ingevolge die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952.]

Aan WILLIAM THOMAS GOODYER, geregistreerde eienaar van Onderverdeling No. 1 van Perseel No. 41, „Cove Rock Sections", naby Cove Rock, Afdeling Oos-Londen.

Geliewe kennis te neem dat kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses* van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, en artikel *sewe-en-tagtig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), soos gewysig, Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal besluit het om ondergenoemde eiendom vir lugvaartdoeleindes te onteien, te neem of aan te koop:—

Onderverdeling No. 1 van Perseel No. 41, „Cove Rock Sections", naby Cove Rock, afdeling Oos-Londen, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, groot 198 vierkante roedes 127 vierkante voet, gehou deur u, genoemde William Thomas Goodyer, by Akte van Transport No. 1120, gedateer 18 Oktober 1904.

Aangesien daar verneem word dat u die eienaar van die betrokke grond is of belang daarby het, word u hierby aangesê om volle besonderhede van u belang daarby en enige eis wat u dienaangaande stel, aan my bekend te maak en om my in kennis te stel of enige ander persoon of persone, behalwe uself, op enige belang of vergoeding ten aansien van die grond aanspraak maak.

Voorts moet ek u meedeel dat ek gewillig is om te onderhandel vir die aankoop van die grond, en vir sover dit vergoeding aan alle belanghebbendes betref, vir skade wat hulle mag ly as gevolg van sodanige aankoop of die ten uitvoer bring van die doel waarvoor die grond nodig is; met dien verstande, egter, dat indien daar bevind word dat die betrokke grond binne die bestek val van enige bepaling insake vrystelling van vergoeding wat in 'n toepaslike Wet voorkom, ek nie bereid sal wees om enige koopsom of vergoeding te betaal nie.

U aandag word gevestig op die bepalings van die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952, ingevolge waarvan, indien u sestig dae na plasing van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*, in gebreke sou bly om volledige besonderhede te verstrek van u eis ten aansien van bogemelde grond of om in verband daarmee met my te onderhandel, die bedrag van vergoeding bepaal sal word soos in genoemde Proklamasie omskryf.

Hierdie kennisgewing word by die Registrateur van Aktes, King William's Town, ingedien.

Alle briefwisseling in verband met hierdie saak moet gerig word aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad.

Gedateer te Kaapstad, op hede die 1ste dag van Julie 1953.

EDMUND HESS,
Sekretaris van Lande.

✱ No. 1523.] [17th July, 1953.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

[In terms of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended, and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952.]

To WILLIAM THOMAS GOODYER, registered owner of Division No. 1 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London.

Please take notice that by virtue of the powers conferred upon him by section *six* of the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, and section *eighty-seven* of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended, His Excellency the Governor-General requires to expropriate, take or purchase for aviation purposes—

Division No. 1 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London, Province of the Cape of Good Hope, measuring 198 square roods 127 square feet, held by you the said William Thomas Goodyer by virtue of Deed of Transfer No. 1120, dated 18th October, 1904.

As I understand that you are the owner or person interested in such land, I hereby call upon you to disclose to me full particulars of your interest therein and all claims made by you in respect thereof, and to inform me whether any other person or persons beside yourself claim any interest or compensation in the said land.

I have further to inform you that I am willing to treat for the purchase of the said land and as to compensation to be made to all parties for damage that may be sustained by them by reason of such purchase or the carrying out of the purpose for which the land is required; provided, however, that should the said land be found to come within any exemption from compensation mentioned by any law applicable thereto, I should not be prepared to pay either purchase price or compensation.

Your attention is invited to the provisions of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended, and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952, in terms of which, if for sixty days after publication of this notice in the *Government Gazette* you should fail to state the particulars of your claim in respect of the above-mentioned land, or to treat with me in respect thereof the amount of compensation will be determined in the manner provided for in the said Proclamation.

This notice is being lodged with the Registrar of Deeds, King William's Town.

All communications in connection with this matter should be addressed to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 747, Cape Town.

Dated at Cape Town this 1st day of July, 1953.

EDMUND HESS,
Secretary for Lands.

✱ No. 1524.] [17 Julie 1953.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

[Ingevolge die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952.]

Aan ALBERT GOODYER, geregistreerde eienaar van Onderverdeling No. 2 van Perseel No. 41, „Cove Rock Sections", naby Cove Rock, afdeling Oos-Londen.

Geliewe kennis te neem dat kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses* van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, en artikel *sewe-en-tagtig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), soos gewysig, Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal besluit het om ondergenoemde eiendom vir lugvaartdoeleindes te onteien, te neem of aan te koop:—

Onderverdeling No. 2 van Perseel No. 41, „Cove Rock Sections", naby Cove Rock, afdeling Oos-Londen, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, groot 142 vierkante roedes, 4 vierkante voet, gehou deur u, genoemde Albert Goodyer, by Akte van Transport No. 1121, gedateer 18 Oktober 1904.

Aangesien daar verneem word dat u die eienaar van die betrokke grond is of belang daarby het, word u hierby aangesê om volledige besonderhede van u belang daarby en enige eis wat u dienaangaande stel, aan my bekend te maak en om my in kennis te stel of enige ander persoon of persone, behalwe uself, op enige belang of vergoeding ten aansien van die grond aanspraak maak.

Voorts moet ek u meedeel dat ek gewillig is om te onderhandel vir die aankoop van die grond, en vir sover dit vergoeding aan alle belanghebbendes betref, vir skade wat hulle mag ly as gevolg van sodanige aankoop of die ten uitvoer bring van die doel waarvoor die grond nodig is; met dien verstande, egter, dat indien daar bevind word dat die betrokke grond binne die bestek val van enige bepaling insake vrystelling van vergoeding wat in 'n toepaslike Wet voorkom, ek nie bereid sal wees om enige koopsom of vergoeding te betaal nie.

U aandag word gevestig op die bepalings van die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation", 1902 (No. 5 van 1902, Transvaal), soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Provinsie Kaap die Goeie Hoop by artikel *drie* van die Wysigingswet op Onteiening, No. 21 van 1952, ingevolge waarvan, indien u sestig dae na plasing van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*, in gebreke sou bly om volledige besonderhede te verstrek van u eis ten aansien van die bogemelde grond of om in verband daarmee met my te onderhandel, die bedrag van vergoeding bepaal sal word soos in genoemde Proklamasie omskryf.

Hierdie kennisgewing word by die Registrateur van Aktes, King William's Town, ingedien.

Alle briefwisseling in verband met hierdie saak moet gerig word aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad.

Gedateer te Kaapstad, op hede die 1ste dag van Julie 1953.

EDMUND HESS,
Sekretaris van Lande.

✱ No. 1524.] [17 July 1953.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

[In terms of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended, and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952.]

To ALBERT GOODYER, registered owner of Division No. 2 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London.

Please take notice that by virtue of the powers conferred upon him by section *six* of the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, and section *eighty-seven* of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended, His Excellency the Governor-General requires to expropriate, take or purchase for aviation purposes—

Division No. 2 of Lot No. 41, Cove Rock Sections, near Cove Rock, Division of East London, Province of the Cape of Good Hope, measuring 142 square roods 4 square feet, held by you the said Albert Goodyer by virtue of Deed of Transfer No. 1121, dated 18th October, 1904.

As I understand that you are the owner or person interested in such land, I hereby call upon you to disclose to me full particulars of your interest therein and all claims made by you in respect thereof, and to inform me whether any other person or persons beside yourself claim any interest or compensation in the said land.

I have further to inform you that I am willing to treat for the purchase of the said land and as to compensation to be made to all parties for damage that may be sustained by them by reason of such purchase or the carrying out of the purpose for which the land is required; provided, however, that should the said land be found to come within any exemption from compensation mentioned by any law applicable thereto, I should not be prepared to pay either purchase price or compensation.

Your attention is invited to the provisions of the Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (No. 5 of 1902, Transvaal), as amended, and as applied to the Province of the Cape of Good Hope by section *three* of the Expropriation Amendment Act, No. 21 of 1952, in terms of which, if for sixty days after publication of this notice in the *Government Gazette* you should fail to state the particulars of your claim in respect of the above-mentioned land, or to treat with me in respect thereof the amount of compensation will be determined in the manner provided for in the said Proclamation.

This notice is being lodged with the Registrar of Deeds, King William's Town.

All communications in connection with this matter should be addressed to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 747, Cape Town.

Dated at Cape Town this 1st day of July, 1953.

EDMUND HESS,
Secretary for Lands.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

✱ No. 1526.] [17 Julie 1953.

VERKEERSBEAMPTES IN DIENS VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN VILLIERS.—AANWYSING AS VREDESBEAMPTES TEN OPSIGTE VAN SEKERE MISDRYWE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (5) van artikel *driehonderd een-en-twintig bis* van Wet

DEPARTMENT OF JUSTICE

✱ No. 1526.] [17 July 1953.

TRAFFIC OFFICERS IN THE EMPLOY OF THE MUNICIPALITY OF VILLIERS.—DESIGNATION AS PEACE OFFICERS IN RELATION TO CERTAIN OFFENCES.

His Excellency the Governor-General has been pleased to make the following regulation in accordance with the powers conferred upon him by sub-section (5) of section

No. 31 van 1917, soos gewysig, die volgende uit te vaardig:—

Elke beampte in diens van die Munisipaliteit van Villiers wat kragtens artikel 1 (*b*) van Hoofstuk 14, Deel A, van die Verkeersregulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 52 van 1943 (Oranje-Vrystaat) as 'n verkeersbeampte deur genoemde Munisipaliteit aangestel is en wat na die mening van die Kommissaris, 'n Adjunk-kommissaris of 'n Distrikskommandant van die Suid-Afrikaanse Polisie, voldoende opgelei is om die bevoegdhede en pligte van 'n vredesbeampte uit te oefen en wat in uniform en ongewapen is, word as 'n vredesbeampte geag ten opsigte van die misdrywe vermeld in die Bylae hiervan wanneer hulle binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Villiers gepleeg word, met dien verstande dat nie-blanke beamptes slegs nie-blankes in hegtenis kan neem.

BYLAE.

1. Die bestuur van 'n motorvoertuig of 'n ander voertuig op 'n publieke pad terwyl die bestuurder onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is.
2. Versuim om op versoek sy naam en adres te verstrek wanneer dit by wet vereis word.
3. Versuim om 'n motorvoertuig tot stilstand te bring wanneer, ten gevolge van die teenwoordigheid van die voertuig op of naby 'n publieke pad, 'n ongeluk plaasvind waardeur skade of besering veroorsaak word—

(*a*) aan 'n persoon; of
(*b*) aan 'n dier wat 'n voertuig trek, iemand dra, of deur iemand gelei word, of wat onder iemand se onmiddellike toesig staan; of
(*c*) aan 'n voertuig.

4. Die hinder of belemmering van so 'n beampte by die uitoefening van sy wetlike plig.

✱ No. 1527.] [17 Julie 1953.

BROU VAN KAFFERBIER.—„THE GRIQUALAND EXPLORATION AND FINANCE COMPANY, LIMITED", RIRIES-MYN, DISTRIK KURUMAN.

Kragtens artikel *honderd sewe-en-twintig* (1) van die Drankwet, No. 30 van 1928, verleen ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie van die Unie van Suid-Afrika, hierby magtiging vir die brou en verbruik, op die persele van „The Griqualand Exploration and Finance Company, Limited", geleë te Riries, in die distrik Kuruman, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, van redelike hoeveelhede kafferbier—hoogstens ses pinte per werknemer per week—wat deur gemelde maatskappy gratis aan sy naturelle- en kleurlingwerknemers verskaf moet word; sodanige brou en verbruik moet onder die toesig van 'n verantwoordelike blanke manspersoon geskied.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

Pretoria.

✱ No. 1539.] [17 Julie 1953.

RONDGAANDE HOF, SPRINGS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat 'n sitting van die Rondgaande Hof vir die distrikte Springs, Delmas, Nigel, Brakpan, Benoni en Heidelberg om 10 vm. op Maandag, 3 Augustus 1953, te Springs, in die Provinsie Transvaal, 'n aanvang sal neem.

G. J. MARITZ,
Regter-president,
Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Pretoria, 7 Julie 1953.

three hundred and twenty-one bis of Act No. 31 of 1917, as amended:—

Every officer in the employ of the Municipality of Villiers, duly appointed by the said Municipality as a traffic officer in terms of section 1 (*b*) of Chapter 14, Part A, of the Traffic Regulations, promulgated by Administrator's Notice No. 52 of 1943 (Orange Free State), who is, in the opinion of the Commissioner, a Deputy-Commissioner or a District Commandant of the South African Police, sufficiently trained to discharge the powers and duties of a peace officer and who is in uniform and unarmed, shall be deemed to be a peace officer in relation to the offences specified in the Schedule hereto, when committed within the area of jurisdiction of the Municipality of Villiers, provided that non-European officers are restricted to the arrest of non-Europeans only.

SCHEDULE.

1. Driving a motor vehicle or other vehicle upon a public road, while under the influence of intoxicating liquor or narcotic drugs.
2. Failing to supply upon demand his name and address when required by law to do so.
3. Failing to stop a motor vehicle whenever, owing to the presence of such vehicle upon or near a public road, an accident occurs whereby damage or injury is caused—

(*a*) to any person; or
(*b*) to any animal drawing any vehicle or carrying or being led by or in the immediate charge of any person; or
(*c*) to any vehicle.

4. Interfering with or obstructing such officer in the execution of his duty under any law.

✱ No. 1527.] [17 July 1953.

BREWING OF KAFFIR BEER.—THE GRIQUALAND EXPLORATION AND FINANCE COMPANY, LIMITED, RIRIES MINE, DISTRICT OF KURUMAN.

Under section *one hundred and twenty-seven* (1) of the Liquor Act, No. 30 of 1928, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa, do hereby authorise the brewing and consumption on the premises of The Griqualand Exploration and Finance Company, Limited, situate at Riries, in the District of Kuruman, Province of the Cape of Good Hope, of reasonable quantities of kaffir beer, not exceeding six pints per employee per week, to be supplied gratis by the said Company to its native and coloured employees; such brewing and consumption to take place under the supervision of a responsible European male person.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

Pretoria.

✱ No. 1539.] [17 July 1953.

CIRCUIT COURT, SPRINGS.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that a Circuit Court will be held at Springs, in the Province of the Transvaal, for the Districts of Springs, Delmas, Nigel, Brakpan, Benoni and Heidelberg, commencing on Monday, the 3rd August, 1953, at 10 a.m.

G. J. MARITZ,
Judge President,
Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa.

Pretoria, 7th July, 1953.

✱ No. 1540.] [17 Julie 1953.

RONDGAANDE HOF, VEREENIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat 'n sitting van die Rondgaande Hof vir die distrik Vereeniging om 10 vm. op Maandag, 3 Augustus 1953, te Vereeniging gehou sal word.

G. J. MARITZ,
Regter-president,
Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Pretoria, 7 Julie 1953.

✱ No. 1546.] [17 Julie 1953.

BENOEMING VAN POLISIEBEAMPTES KRAGTENS ARTIKELS *EEN-EN-VYFTIG* (1), *HONDERD-EN-SESTIEN* (2) EN *DRIEHONDERD AGT-EN-VYFTIG* (1) VAN WET No. 31 VAN 1917, SOOS GEWYSIG.

Ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie van die Unie van Suid-Afrika, benoem hierby ten opsigte van die magistraatsdistrikte Caledon en Durban—

(*a*) kragtens artikel *een-en-vyftig* (1) van Wet No. 31 van 1917, soos gewysig—

(i) nie-blanke polisiebeamptes met of bo die rang van sersant (met inbegrip van onder-sersant) om huissoeking te doen na sterk drank of gewoontevormende middels;

(ii) nie-blanke polisiebeamptes om huissoeking te doen na gewoontevormende middels, maar slegs wanneer die vertraging wat meegebring sou word deur die verkryging van skriftelike magtiging die doel van artikel *een-en-sewentig* (1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sou verydel, en met dien verstande dat die stappe wat gedoen is, so gou moontlik daarna aan die hoofbeampte van die polisie in die distrik of aan 'n magistraat gerapporteer word;

(iii) alle nie-blanke polisiebeamptes om na gesteelde vee of produkte te soek;

(*b*) kragtens artikel *honderd-en-sestien* (2) van Wet No. 31 van 1917, soos gewysig, nie-blanke polisiebeamptes met of bo die rang van sersant (met inbegrip van ondersersant), om die bevoegdhede by genoemde artikel verleen, uit te oefen;

(*c*) kragtens artikel *driehonderd agt-en-vyftig* (1) van Wet No. 31 van 1917, soos gewysig, nie-blanke polisiebeamptes met of bo die rang van sersant (met inbegrip van ondersersant) en, in die afwesigheid van 'n sersant, die senior nie-blanke polisiebeampte wat asdan by 'n polisiekantoor diens doen, om die bevoegdhede by genoemde artikel verleen, uit te oefen.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 1540.] [17 July 1953.

CIRCUIT COURT, VEREENIGING.

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto, and which relates to the General Goods Section of the Leather Industry, shall be binding from the second Monday after date of publication of this notice and for the period ending three years from the said second Monday upon the employers' organisations and trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of those organizations or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in sections 2, 3, 5, 6 and 7 of the said Agreement shall be binding from the second Monday after date of publication of this notice and for the period ending three years from the said second Monday upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry in the Union of South Africa; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Union of South Africa and from the second Monday after date of publication of this notice and for the period ending three years from the said second Monday, the provisions contained in sections 2, 3, 5, 6 and 7 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said Industry as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA (GENERAL GOODS SECTION).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between—

(*a*) The Midland and Border Leather Industry Manufacturers' Association;

(*b*) The Cape Western and North Western Leather Industries Employers' Association;

(*c*) „Transvaal Footwear, Tanning and Leather Trades' Association";

(*d*) „Natal Footwear, Tanning and General Leather Manufacturers' Association";

(*e*) „South Western Districts Leather Industries' Association";

(wat hieronder „die werkgewers" of die „werkgewersorganisasie" genoem word), aan die een kant, en die—

(*f*) „National Union of Leather Workers";

(*g*) „Transvaal Leather and Allied Trades' Industrial Union";

(*h*) „Trunk and Box Workers' Industrial Union (Transvaal)";

(wat hieronder „die werknemers" of die „vakverenigings" genoem word), aan die ander kant;

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Leernywerheid in Suid-Afrika.

1. Geldigheidsduur van Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum wat die Minister van Arbeid bepaal en bly van krag vir 'n tydperk van drie jaar of vir 'n tydperk wat deur die Minister bepaal word.

2. Bestek van toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet deur alle lede van die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat by die Nywerheid betrokke is (uitgesonderd persone wat uitsluitlik herstelwerk verrig), nagekom word.

3. Algemene bepalings.

Die bepalings van artikels 1, 4 tot en met 14, 16 tot en met 18, 21 en 22 van Deel I en van Deel II van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933 van 16 November 1951 gepubliseer is, soos deur hierdie Ooreenkoms gewysig, is vir alle werkgewers en werknemers bindend.

4. Spesiale bepalings.

Die bepalings van artikels 15, 19 en 20 van Deel I van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933 van 16 November 1951 gepubliseer is, is vir alle werkgewers en werknemers bindend.

5. Lone en loonskale.

Die bepalings van subartikel (2) van artikel 4 van Deel I van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933 van 16 November 1951 gepubliseer is, word hierby gewysig deur die woorde „die ekstra bedrag" te skrap en te vervang deur die woord „lewenskostetoelae".

6. Lewenskostetoelae.

Die bepalings van artikel (1) van artikel 6 van Deel I van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933, van 16 November 1951 gepubliseer is, word hierby gewysig deur die woorde „'n bedrag" te skrap en deur die woord „lewenskostetoelae" te vervang.

Bogenoemde subartikel word aangevul deur die volgende voorbehoudsbepaling daarby te voeg:—

„Met dien verstande dat die lewenskostetoelae gedurende die eerste ses maande van die geldigheidsduur van hierdie Ooreenkoms nie 82½ persent mag oorskry nie, dat die lewenskostetoelae gedurende die daaropvolgende twaalf maande nie 83¼ persent mag oorskry nie en dat die lewenskostetoelae daarna nie 85 persent mag oorskry nie."

Die bepalings van subartikel (3) van artikel 6 van Deel I van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933 van 16 November 1951 gepubliseer is, word hierby gewysig deur die woorde „die ekstra bedrag" te skrap en deur die woord „lewenskostetoelae" te vervang.

7. Aanhangsel van Deel II van die Ooreenkoms.

Subartikel (vii) van artikel 2 van die Aanhangsel van Deel II van die Ooreenkoms wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2933 van 16 November 1951 gepubliseer is, word hierby gewysig deur die volgende nuwe subparagraaf (*d*) in te voeg:—

	£	s.	d.
„(*d*) Gekwalifiseerde werknemers wat bandskuurmasjiene bedien	4	2	6
Leerlinge (volgens ervaring):—			
Eerste ses maande	1	10	0
Tweede ses maande	1	17	6
Derde ses maande	2	10	0
Daarna	4	2	6."

Hierdie Ooreenkoms onderteken namens die partye op hede die 30ste dag van April 1953.

J. C. Hill,
Lid van die Raad.

A. van den Berg,
Lid van die Raad.

Alan de Kock,
Algemene Sekretaris van die Raad.

(*c*) The Transvaal Footwear, Tanning and Leather Trades' Association;

(*d*) The Natal Footwear, Tanning and General Leather Manufacturers' Association;

(*e*) The South Western Districts Leather Industries' Association;

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organizations"), of the one part, and

(*f*) The National Union of Leather Workers;

(*g*) The Transvaal Leather and Allied Trades Industrial Union;

(*h*) The Trunk and Box Workers' Industrial Union (Transvaal);

(hereinafter referred to as "the employees" or the "trade unions"), of the other part;

being parties to the National Industrial Council of the Leather Industry of South Africa.

1. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into force on such date as may be determined by the Minister of Labour and shall remain in force for a period of three years or such period as may be determined by the Minister.

2. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall be observed by all members of the employers' organizations and of the trade unions engaged in the Industry (other than persons engaged exclusively on repair work).

3. General Provisions.

The provisions contained in sections 1, 4 to 14 inclusive, 16 to 18 inclusive, 21 and 22 of Part I and in Part II of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, as amended by this Agreement, shall be binding upon all employers and employees.

4. Special Provisions.

The provisions contained in sections 15, 19 and 20 of Part I of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, shall be binding upon all employers and employees.

5. Wages and Rates.

The provisions contained in sub-section (2) of section 4 of Part I of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, are hereby amended by the deletion of the words "the additional amount" and the substitution therefor of the words "the cost of living allowance".

6. Cost of Living Allowance.

The provisions contained in sub-section (1) of section 6 of Part I of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, are hereby amended by the deletion of the words "an amount" and the substitution therefor of the words "a cost of living allowance".

The above-mentioned sub-section is amplified by the addition thereto of the following proviso:—

"Provided that during the first six months of the currency of this Agreement, such cost of living allowance shall not exceed 82½ per cent, that during the next succeeding twelve months the cost of living allowance shall not exceed 83¼ per cent and that thereafter the cost of living allowance shall not exceed 85 per cent."

The provisions contained in sub-section (3) of section 6 of Part I of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, are hereby amended by the deletion of the words "the additional amount" and the substitution therefor of the words "the cost of living allowance".

7. Annexure to Part II of the Agreement.

Sub-section (vii) of section 2 of the Annexure to Part II of the Agreement published in the Schedule to Government Notice No. 2933, dated 16th November, 1951, is hereby amended by the insertion of the following new sub-paragraph (*d*):—

	£	s.	d.
"(*d*) Qualified employees employed on belt sandpapering machines	4	2	6
Learners (according to experience):—			
First six months	1	10	0
Second six months	1	17	6
Third six months	2	10	0
Thereafter	4	2	6."

This Agreement signed on behalf of the parties on this 30th day of April, 1953.

J. C. Hill,
Member of the Council.

A. van den Berg,
Member of the Council.

Alan de Kock,
General Secretary of the Council.

✱ No. 1535.] [17 Julie 1953.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

LEERNYWERHEID, UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Afdeling vir Algemene Goedere van die Leernywerheid, bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1534 van 17 Julie 1953 nie vir die persone wie se werkure daarby gereël word, minder gunstig is as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 1541.] [17 Julie 1953.

WET OP ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS EN AANNEMERS, 1939.

VASSTELLING VAN GEBIEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Arbeid van voorneme is om, kragtens artikel *agtien* van die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939 (Wet No. 20 van 1939), ondergenoemde gebiede na verloop van twaalf maand van die datum van hierdie kennisgewing, tot gebiede te verklaar waarop artikels *negentien* en *twintig* van die Wet toegepas moet word:—

Die magistraatsdistrikte Koppies en Vredefort.

✱ No. 1542.] [17 Julie 1953.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TYDPERKE VAN TOEPASSING VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE KLERASIENYWERHEID, KAAP.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 901 van 13 April 1951 (soos verleng by Goewermentskennisgewing No. 803 van 17 April 1953) en in Goewermentskennisgewing No. 1215 van 12 Junie 1953, tot 22 Oktober 1953.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 1553.] [17 Julie 1953.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING.

Ek, Johannes Matthys Frederik Potgieter, Nywerheidsregistrateur, maak hierby bekend dat ek die registrasie van die Cape Town Lift Operators' Union kragtens subartikel (3) van artikel *vyftien* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, met ingang vanaf 4 Julie 1953 ingetrek het.

J. M. F. POTGIETER,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 1535.] [17 July 1953.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

LEATHER INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, hereby declare the provisions of the Agreement and notice relating to the General Goods Section of the Leather Industry published under Government Notice No. 1534 of 17th July, 1953, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 1541.] [17 July 1953.

ELECTRICAL WIREMEN AND CONTRACTORS ACT, 1939.

DETERMINATION OF AREAS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Labour proposes to determine, in terms of section *eighteen* of the Electrical Wiremen and Contractors Act, 1939 (Act No. 20 of 1939), after the expiry of twelve months from the date of this notice, the following areas as areas in which sections *nineteen* and *twenty* of the Act shall apply:—

The Magisterial Districts of Koppies and Vredefort.

✱ No. 1542.] [17 July 1953.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF THE PERIODS OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CLOTHING INDUSTRY, CAPE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 22nd October, 1953, the periods referred to in Government Notice No. 901 of the 13th April, 1951 (as extended by Government Notice No. 803 of the 17th April, 1953), and in Government Notice No. 1215 of the 12th June, 1953.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 1553.] [17 July 1953.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION.

I, Johannes Matthys Frederik Potgieter, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of sub-section (3) of section *fifteen* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that I have cancelled the registration of the Cape Town Lift Operators' Union with effect from the 4th July, 1953.

J. M. F. POTGIETER,
Industrial Registrar.

✱ No. 1554.] [17 Julie 1953.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944 (SOOS GEWYSIG).

INSTELLING VAN 'N NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE METAALNYWERHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vyf* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, stel ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, met ingang van die datum van hierdie kennisgewing 'n Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Metaalnywerheid in die Unie van Suid-Afrika in.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 1248.] [19 Junie 1953.

VOORGENOME DEMARKASIE VAN SUB-RESEWE (*h*) VAN RESERWE No. I, NELSRIVIER-BOSRESERWE EN SUB-RESERWE (*f*) VAN RESERWE No. IV, BROOKLANDS-BOSRESERWE, AFDELING PELGRIMSRUS.

Ingevolge artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bosbou voornemens is om die ongedemarkeerde bosgrond, wat in die Bylae hiervan beskryf word en in die distrik Pelgrimsrus, Transvaal, geleë is, tot 'n gedemarkeerde bos te verklaar. 'n Afskrif van die verslag oor die terrein, gesertifiseer deur die Landmeter-generaal, Pretoria, en met die kaarte daaraan geheg, is by die kantoor van die Magistraat, Pelgrimsrus, ingedien en gedurende kantoorure beskikbaar vir insae sonder betaling.

BYLAE.

Reserwe No.	Naam van Reserwe.	Grootte.	
		Morg.	Vk. rde.
I	Nelsrivier-bosreserwe:— Sub-reserwe (*h*), bestaande uit 'n deel van gedeelte 4 en gedeelte 5 van die plaas Tweefontein No. 520	836	522
IV	Brooklands-bosreserwe:— Sub-reserwe (*f*), bestaande uit die orige deel van gedeelte 4 van die plaas Tweefontein No. 520.....	403	277

19-17-14

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE

✱ No. 1536.] [17 Julie 1953.

DORPBESTUUR VAN ALLANRIDGE.—STIGTING VAN TEHUIS VIR NATURELLE-MANS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Dorpsbestuur van Allanridge geboue vir die huisvesting van manlike Naturelle wat geen gesinslewe lei nie, verskaf op 'n sekere stuk grond bekend as Industriële Standplaas No. T. 1, geleë binne die gebied waaroor die Dorpsbestuur van Allanridge regsmag het, soos aangetoon op 'n kaart wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word, en begrens soos hieronder omskryf:—

Begin by 'n punt C, 'n voorlopige gekoördineerde baken opgerig deur die dorp se landmeter; daarvandaan in 'n westelike rigting oor 'n afstand van

✱ No. 1554.] [17 July 1953.

APPRENTICESHIP ACT, 1944 (AS AMENDED).

ESTABLISHMENT OF A NATIONAL COMMITTEE FOR THE METAL INDUSTRY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *five* of the Apprenticeship Act, 1944 (as amended), I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, establish with effect from the date of this notice a National Apprenticeship Committee for the Metal Industry in respect of the Union of South Africa.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 1248.] [19 June 1953.

PROPOSED DEMARCATION OF SUB-RESERVE (*h*) OF RESERVE No. I, NELSRIVIER FOREST RESERVE AND SUB-RESERVE (*f*) OF RESERVE No. IV, BROOKLANDS FOREST RESERVE, DIVISION OF PILGRIM'S REST.

In terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, it is hereby notified for general information that it is the intention of the Minister of Forestry to declare the undemarcated forest land described in the Schedule hereto, and situated in the District Pilgrim's Rest, Transvaal, to be demarcated forest. A copy of a report on the area, certified by the Surveyor-General, Pretoria, with diagrams attached thereto, has been deposited and is available for inspection, free of charge, during office hours at the office of the Magistrate, Pilgrim's Rest.

SCHEDULE.

Reserve No.	Name of Reserve.	Extent.	
		Morgen.	Sq. Rds.
I	Nelsrivier Forest Reserve:— Sub-reserve (*h*), consisting of a portion of portion 4 and portion 5 of the farm Tweefontein No. 520	836	522
IV	Brooklands Forest Reserve:— Sub-reserve (*f*), consisting of the remaining portion of portion 4 of the farm Tweefontein No. 520	403	277

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS

✱ No. 1536.] [17 July 1953.

ALLANRIDGE VILLAGE BOARD OF MANAGEMENT.—ESTABLISHMENT OF NATIVE MEN'S HOSTEL.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, of provision by the Allanridge Village Board of Management of buildings for the accommodation of male Natives not living under conditions of family life, on a certain piece of land situate in the area under the jurisdiction of the Allanridge Village Board of Management known as Industrial Stand No. T. 1, as shown on a map filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at a point C, a preliminary co-ordinated beacon established by the township surveyor; thence in a westerly direction for a distance of

ongeveer 331 voet tot by 'n punt A; daarvandaan in 'n noordelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 285 voet tot by 'n punt B; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 431 voet tot by die begin punt C.

✱ No. 1551.] [17 Julie 1953.

MUNISIPALITEIT VAN GRAHAMSTAD.

STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Munisipaliteit van Grahamstad sekere stukke grond, geleë binne die gebied onder die beheer van die Munisipaliteit van Grahamstad en hieronder omskryf, soos aangetoon op 'n plan wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê:—

1. 'n Stuk grond ongeveer 135½ morg groot, wat soos volg begrens word:—

Begin by 'n punt A, die kruising van die noordekant van Powellstraat en die Port Alfred-spoorlynreservaat; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting oor 'n afstand van 710 jaarts tot by 'n punt B waar Powellstraat Edwardstraat ontmoet; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor 'n afstand van 370 jaarts tot by 'n punt C, waar Edwardstraat die Nasionale Padreservaat ontmoet; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting langs die suidekant van die Nasionale Padreservaat oor 'n afstand van 1,730 jaarts tot by 'n punt D, waar „Dead Horse"-kloof die Nasionale Padreservaat ontmoet; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met „Dead Horse"-kloof langs oor 'n afstand van 2,270 jaarts tot by 'n punt E, waar „Dead Horse"-kloof vernoemde spoorlynreservaat kruis; daarvandaan in 'n noordwestelike rigtings langs genoemde spoorlynreservaat oor 'n afstand van 1,067 jaarts tot by die beginpunt A.

2. 'n Stuk grond ongeveer 430 morg groot, wat soos volg begrens word:—

Begin by 'n punt F waar die noordelike grens van die Fingo-naturelledorp die Kowierivier kruis; daarvandaan in 'n noordelike rigting langs die oostelike oewer van genoemde rivier oor 'n afstand van 1,350 jaarts tot by 'n punt G waar die Kowierivier die ou pad na King William's Town kruis; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting langs die suidekant van genoemde pad oor 'n afstand van 1,160 jaarts tot by 'n punt H waar genoemde pad 'n klofie kruis; daarvandaan in 'n noordelike rigting met die klofie langs oor 'n afstand van 400 jaarts tot by 'n punt I waar die klofie by die grensheining van die meent aansluit; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs genoemde heining oor 'n afstand van 730 jaarts tot by 'n punt J, 'n hoekpaal van die heining; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 1,590 jaarts tot by 'n punt K op die noordelike grens van die Nasionale Padreservaat; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting langs genoemde grens van die Nasionale Padreservaat oor 'n afstand van 3,130 jaarts tot by 'n punt L, waar Edwardstraat en Raglanweg mekaar kruis; daarvandaan deur punte M, N en O geleë op die oostelike en die noordelike grens van die Fingo-naturelledorp, oor 'n afstand van altesaam 1,118 jaarts tot by die beginpunt F.

Alle afstande word by benadering aangegee.

Goewermentskennisgewing No. 532 van 1940 word hierby herroep.

approximately 331 feet to a point A; thence in a northerly direction for a distance of approximately 285 feet to a point B; thence in a south-easterly direction for a distance of approximately 431 feet to the point of commencement C.

✱ No. 1551.] [17 July 1953.

MUNICIPALITY OF GRAHAMSTOWN.

ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart, and laying out by the Municipality of Grahamstown as a location and Native Village of certain pieces of land situate within the area under control of the Municipality of Grahamstown and defined as follows as shown in a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs:—

1. An area of land, approximately 135½ morgen in extent, bounded as follows:—

Commencing at a point A which is the intersection of the northern side of Powell Street and the Port Alfred Railway Reserve; thence in a north-easterly direction for 710 yards to a point B, where Powell Street meets Edward Street; thence in a north-westerly direction for 370 yards to a point C, where Edward Street meets the National Road Reserve; thence in a north-easterly direction along the southern side of the National Road Reserve for 1,730 yards to a point D, where Dead Horse Kloof meets the National Road Reserve; thence in a south-westerly direction along Dead Horse Kloof for 2,270 yards to a point E, where Dead Horse Kloof intersects the aforesaid railway reserve; thence in a north-westerly direction along the said railway reserve for 1,067 yards to the point of commencement A.

2. An area of land, approximately 430 morgen in extent, bounded as follows:—

Commencing at a point F which is the intersection of the northern boundary of Fingo Native Village and the Kowie River; thence in a northerly direction along the eastern bank of the said river for 1,350 yards to a point G, the intersection of the Kowie River and the old King William's Town road; thence in a north-easterly direction along the southern side of the said road for 1,160 yards to a point H where the said road crosses a small ravine; thence in a northerly direction along the ravine for 400 yards to a point I where the ravine joins the commonage boundary fence; thence in an easterly direction along the said fence for 730 yards to a point J, a corner post of the fence; thence in a south-easterly direction for 1,590 yards to a point K on the northern boundary of the National Road Reserve; thence in a south-westerly direction along the said boundary of the National Road for 3,130 yards to a point L, the intersection of Edward Street and Raglan Road; thence through points M, N and O, situate on the eastern and northern boundaries of the Fingo Native Village for a total distance of 1,118 yards to the point of commencement F.

All distances given are approximate.

Government Notice No. 532 of 1940 is hereby repealed.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

✱ No. 1557.] [17 Julie 1953.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.— REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een-en-twintig* van die Universiteit van Stellenbosch Wet, 1916 (Wet No. 13 van 1916), sy goedkeuring te heg aan die volgende nuwe regulasies tot vervanging van die bestaande regulasies van genoemde Universiteit, soos ingevolge artikel *twee-en-twintig* van vermelde Wet uitgevaardig.

I.—Toelating en registrasie.

Alle studente wat vir die eerste keer vir 'n graadkursus na die Universiteit kom moet hulle matrikulasie- of ander gelykstaande toelatingsertifikaat voor of op 'n deur die Universiteit bepaalde datum voorlê.

II.—Klaswerk en eksamens.

(i) Die duur en omvang van kursusse en eksamens vir die verskillende grade, diplomas en sertifikate word volgens die Wet en Statute van die Universiteit deur die Universiteit bepaal.

(ii) Geen student vir 'n graad, diploma of sertifikaat word tot 'n eksamen in 'n vak toegelaat nie, tensy hy die voorgeskrewe leergange tot tevredenheid van die Universiteit gevolg het.

(iii) Die gewone universiteitseksamen word op tye soos deur die Universiteit bepaal afgeneem en wel te Stellenbosch tensy die Universiteit anders bepaal.

(iv) 'n Student kan tot die volgende jaarskursus in 'n graad, diploma of sertifikaat promoveer op voorwaarde dat die gehalte van sy studies van die vorige jaar volgens die oordeel van die Universiteit sodanige promosie regverdig.

(v) Studies wat 'n student in 'n vak of vakke aan 'n ander universiteit of inrigting met goeie gevolg afgelê het, kan vir sover die Statute dit toelaat, deur die Universiteit erken word.

III.—Besondere regulasies vir die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

1. (*a*) Vir toelating tot die B.A.-kursus moet 'n student in besit wees van die matrikulasie-sertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad met vakke en volgens 'n standaard soos deur die Universiteit vereis word.

(*b*) 'n Student vir die B.A.-graad moet tot tevredenheid van die Universiteit minstens die helfte van die goedgekeurde leergange vir die graad aan die Universiteit volg.

(*c*) 'n Student wat in besit is van die matrikulasiesertifikaat of daarvan vrygestel is en daarna die H.P.O.D. verwerf het, kan op voorwaardes deur die Universiteit te bepaal, deur die Universiteit toegelaat word om by die B.A. II-kursus aan te sluit.

(*d*) Behoudens die bepalings van die Statute kan 'n student wat in besit is van die matrikulasie-sertifikaat, of daarvan vrygestel is en daarna verder studies afgelê het, op voorwaardes wat deur die Universiteit bepaal word, tot die B.A. II-kursus toegelaat word.

2. (i) Die leergang vir enige B.A.-graad bestaan uit die studie van groepe van onderstaande vakke wat gevolg moet word in kombinasies wat deur die Universiteit voorgeskryf word:—

Grieks, Latyn, Afrikaans-Nederlands, Engels, Duits, Frans, Semitiese Tale, Bantoetale, Geskiedenis, Geografie, Ekonomie, Bedryfsekonomie.
Rekeningwetenskap, Filosofie, Sielkunde, Sosiologie.
Maatskaplike Werk, Volkekunde, Naturelle-administrasie, Romeinse Reg en Romeins-Hollandse Reg.
Liggaamlike Opvoeding, Opvoedkunde, Musiek, Voordrag en/of sulke ander vakke as wat die Universiteit goedkeur.

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

✱ No. 1557.] [17 July 1953.

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH.— REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve by virtue of the powers vested in him by section *twenty-one* of the University of Stellenbosch Act, 1916 (Act No. 13 of 1916), of the following new regulations in substitution for the existing regulations of the said University as issued in terms of section *twenty-two* of the said Act:—

I.—Admission and Registration.

All students entering the University for a degree course shall submit to the University their matriculation or equivalent admission certificates on or before a date to be fixed by the University.

II.—Classwork and Examinations.

(i) The duration and the scope of courses and examinations for the different degrees, diplomas and certificates are determined by the Act and Statutes of the University.

(ii) No student for a degree or diploma or certificate is allowed to sit for an examination in a subject unless he has followed the prescribed courses to the satisfaction of the University.

(iii) The ordinary university examinations are held at Stellenbosch at such times as the University may determine unless the University decides otherwise.

(iv) A student may proceed to the following year's course of study for a degree, diploma or certificate; provided that the standard of his work during the previous year has, in the opinion of the University, justified such a promotion.

(v) Examinations in a subject or subjects passed by a student at another university or institution, may be recognised by this University, in so far as the statutes permit.

III.—Special Regulations for the Faculty of Arts and Philosophy.

1. (*a*) To be admitted to the B.A. course a student must hold the matriculation certificate or an exemption certificate granted by the Joint Matriculation Board, and must have passed in whatever subjects, and have reached in those subjects whatever standard the University may require.

(*b*) A student for the B.A. degree must pass at this University at least half of the approved courses for the degree.

(*c*) A student who holds the matriculation certificate or a matriculation exemption certificate and has subsequently been granted the Higher Primary Teachers' Diploma, may be admitted to the B.A. II course under conditions to be determined by the University.

(*d*) Subject to the conditions of the Statutes a student who holds the matriculation certificate or a matriculation exemption certificate and has thereafter completed further studies, may be admitted to the B.A. II course under conditions to be determined by the University.

2. (i) An approved curriculum for the B.A. degree shall consist of the study of groups of the following subjects to be followed in combinations prescribed by the University:—

Greek, Latin, Afrikaans-Nederlands, English, German, French, Semitic Languages, Bantu Languages, History, Geography, Economics, Commercial Science.
Accountancy, Philosophy, Psychology, Sociology.
Social Work, Ethnology, Native Administration, Roman Law and Roman Dutch Law.
Physical Culture, Education, Music, Dramatic Art and/or such other subjects as the University may approve.

(ii) 'n Kandidaat vir 'n B.A.-graad kan egter met die goedkeuring van die Universiteit ander kombinasies as dié wat deur die Universiteit voorgeskryf is, volg, met dien verstande dat alleen in buitengewone gevalle wat die Universiteit goedkeur, en onderworpe aan roostermoontlikhede, 'n vak uit die Wiskunde- en Natuurwetenskaplike vakke vir B.A. toegelaat word.

(iii) Vir toelating tot die kursus vir die B.A.-graad met Musiek as een van die vakke kan deur die Universiteit vereis word dat die kandidaat 'n bevredigende standaard in musiek bereik het.

(iv) (*a*) Die B.A.-graad in Maatskaplike Werk duur drie jaar en 'n kombinasie van vakke moet daarvoor gevolg word soos deur die Universiteit goedgekeur.

(*b*) Die kursus vir die Diploma in Maatskaplike Werk is dieselfde as dié vir die B.A. in Maatskaplike Werk maar vir toelating word slegs die skooleindsertifikaat van die Matrikulasieraad of 'n seniorsertifikaat van een van die provinsiale onderwysdepartemente vereis.

3. Die kursus vir die B.A.-graad duur drie jaar.

4. (i) Studente wat in besit is van die matrikulasiesertifikaat of daarvan vrygestel is en wat volgens die oordeel van die Universiteit 'n bevredigende standaard in Musiek bereik het, kan tot die eerste jaar van die vierjarige kursus vir die B.Mus.-graad toegelaat word.

(ii) Studente moet minstens die helfte van die leergange vir die graad aan die Universiteit volg.

5. (i) Studente wat in besit is van die B.A.-graad van hierdie Universiteit of 'n ander deur die Universiteit erkende universiteit, word tot die M.A.-kursus toegelaat mits die verworwe B.A.-graad na die oordeel van die Universiteit 'n geskikte voorbereiding vir die studie vir die M.A.-graad uitmaak of mits die kandidaat die aanvullende studies aflê wat deur die Universiteit vereis word.

(ii) Die studie vir die M.A.-graad bestaan uit 'n goedgekeurde leergang van minstens een jaar aan die Universiteit wat 'n periode van studie en navorsing op 'n ander deur die Universiteit goedgekeurde plek mag insluit.

6. (i) Studente wat in besit is van die B.Mus.-graad kan tot die kursus vir die M.Mus.-graad toegelaat word.

(ii) Die kursus vir die M.Mus.-graad duur minstens een jaar.

7. (i) Geen kandidaat kan die graad D.Litt. of D.Phil. verwerf nie tensy hy 'n leergang van studie en navorsing gevolg het, óf aan die Universiteit óf op 'n ander deur die Universiteit goedgekeurde plek (vir 'n deur die Universiteit goedgekeurde tydperk), gedurende minstens twee jaar nadat hy tot die M.A.-graad toegelaat is.

(ii) Elke kandidaat moet 'n proefskrif tot tevredenheid van die Universiteit inlewer en 'n mondelinge eksamen kan deur die Universiteit vereis word.

8. (i) Studente wat in besit is van die M.Mus.-graad kan tot die kursus vir die D.Mus.-graad toegelaat word.

(ii) Die kursus vir die D.Mus.-graad duur minstens twee jaar.

9. (i) Die kursus vir die Onderwysersdiploma in Musiek strek oor drie jaar.

(ii) Vir toelating tot die kursus kan 'n toelatingseksamen vereis word.

(iii) Verder moet studente vir toelating in besit wees van die matrikulasiesertifikaat of vrygestel wees daarvan of in besit wees van die skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n seniorsertifikaat van een van die provinsiale onderwysdepartemente of van 'n na die oordeel van die Universiteit gelykwaardige kwalifikasie.

(iv) Vrystelling van 'n deel van die tydperk van bywoning kan verleen word op grond van studies wat reeds afgelê is.

10. (i) Vir toelating tot die tweejarige kursus vir die Diploma in Harmonie en Kontrapunt word 'n bevredigende standaard in Harmonie en Kontrapunt vereis.

(ii) Vrystelling van 'n deel van die tydperk kan verleen word op grond van vorige studie.

(ii) A student for the B.A. degree may, with the permission of the University, follow other combinations than those prescribed by the University; provided that a subject from the science group will be allowed only in exceptional cases approved by the University and permitted by the time table.

(iii) The University may require that a student has attained a satisfactory standard in Music before admitting him to the course for the B.A. degree with Music as one of his subjects.

(iv) (*a*) The course for the B.A. degree in Social Work lasts three years, and for this degree a combination of subjects approved by the University must be followed.

(*b*) The course for the Diploma in Social Work is the same as that for the B.A. in Social Work, but for admission to the course only the school-leaving certificate of the Matriculation Board or a senior certificate of one of the provincial departments is required.

3. The duration of the course for the B.A. degree is three years.

4. (i) Students who hold the matriculation certificate or a matriculation exemption certificate and who in the opinion of the University have attained a satisfactory standard in Music, may be admitted to the first year of the four-year course for the B.Mus. degree.

(ii) Students must take at least half of the courses for the degree at this University.

5. (i) A student holding the B.A. degree of this University or another University recognised by this University may be admitted to the M.A. course; provided that his B.A. degree is deemed by the University an adequate preparation for the M.A. course, or provided that the candidate completes whatever supplementary work the University may require.

(ii) The study for the M.A. degree consists of an approved course of study at this University of at least one year, which may include a period of study or research at another centre approved by the University.

6. (i) Students holding the B.Mus. degree may be admitted to the course for the M.Mus. degree.

(ii) The duration of the course for the M.Mus. degree is at least one year.

7. (i) No student shall be admitted to the degree of D.Litt. or D.Phil. unless he has pursued a course of further study and research, either at the University or at some other centre (for a period approved by the University), for at least two years after having been admitted to the M.A. degree.

(ii) Every candidate shall submit a thesis which must satisfy the University; an oral examination may be required by the University.

8. (i) Students holding the M.Mus. degree may be admitted to the course for the D.Mus. degree.

(ii) The duration of the course for the D.Mus. degree is at least two years.

9. (i) The duration of the course for the Teachers' Diploma in Music is three years.

(ii) For admission to the course an entrance examination may be required.

(iii) To be admitted to this course students must hold the matriculation certificate or an exemption certificate, or hold a school-leaving certificate of the Joint Matriculation Board or the senior certificate of one of the provincial departments of education, or a qualification deemed by the University equivalent thereto.

(iv) Exemption from a part of the period of attendance may be granted on the grounds of studies already completed.

10. (i) For admission to the two-year course for the Diploma in Harmony and Counterpoint a satisfactory standard in Harmony and Counterpoint is required.

(ii) Exemption from a part of the period may be granted on the grounds of previous study.

11. (i) Die studie vir die Diploma vir Eksekutante in Musiek strek oor twee jaar.

(ii) Vir toelating moet studente tot tevredenheid van die Universiteit bewys lewer dat hulle bevoegd is om die kursus te volg.

(iii) Die studie vir die Hoër Diploma vir Eksekutante in Musiek strek oor een jaar na suksesvolle voltooiing van die kursus vir die Diploma vir Eksekutante in Musiek of besit van 'n na die oordeel van die Universiteit gelykwaardige kwalifikasie.

12. (i) Die studie vir die diploma in Skoolmusiek strek oor drie jaar.

(ii) Vir toelating moet studente in besit wees van minstens die skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n seniorsertifikaat van een van die provinsiale onderwysdepartemente en moet hulle tot tevredenheid van die Universiteit bewys lewer dat hulle bevoegd is om die kursus te volg.

13. (i) Die studie vir die Diploma vir Kerkorreliste strek oor twee jaar.

(ii) Vir toelating moet studente tot tevredenheid van die Universiteit bewys lewer dat hulle bevoeg is om die kursus te volg.

14. (i) Die kursus vir die Spesiale Onderwysersertifikaat in Musiek is dieselfde as dié vir die Onderwysersertifikaat in Musiek.

(ii) Vir toelating moet studente tot tevredenheid van die Universiteit bewys lewer dat hulle bevoeg is om die kursus te volg.

15. (i) Die studie vir die Primêre Onderwysersertifikaat (Spesiaal) in Musiek strek oor een jaar.

(ii) Vir toelating moet studente reeds in besit wees van 'n Primêre Onderwysersdiploma en tot tevredenheid van die Universiteit bewys lewer dat hulle bevoeg is om die kursus te volg.

16. (i) Die kursus vir die Onderwysersdiploma in Spraak, Voordrag en Toneel strek oor drie jaar.

(ii) Vir toelating word vereis òf die matrikulasiesertifikaat òf vrystelling daarvan òf die skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad òf 'n seniorsertifikaat van een van die provinsiale onderwysdepartemente.

(iii) Vrystelling van 'n deel van die tydperk van bywoning kan verleen word op grond van studies wat reeds afgelê is.

17. (i) Die studie vir die Spesiale Onderwyssertifikaat in Spraak, Voordrag en Toneel en vir die Primêre Onderwysersertifikaat (spesiaal) in Spraak, Voordrag en Toneel strek oor een jaar.

(ii) Vir toelating tot enigeen van hierdie twee kursusse is een van die vereistes dat studente tot tevredenheid van die Universiteit bewys moet lewer dat hulle bevoegd is om die kursusse te volg, maar daar word verder in die geval van die Primêre Onderwysersertifikaat (Spesiaal) vereis dat hulle reeds in besit moet wees van 'n Primêre Onderwysersertifikaat of van 'n na die oordeel van die Universiteit gelykwaardige kwalifikasie.

IV.—Besondere regulasies vir die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde.

1. (*a*) Vir toelating tot die B.Sc.-kursus moet 'n student in besit wees van die matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad met vakke en volgens 'n standaard soos deur die Universiteit vereis.

(*b*) 'n Student vir die B.Sc.-graad moet tot tevredenheid van die Universiteit minstens die helfte van die goedgekeurde leergange vir die graad aan die Universiteit volg.

2. (i) Die leergang vir die B.Sc.-graad bestaan uit die studie van groepe van onderstaande vakke en/of ander wat die Universiteit goedkeur, geneem in voorgeskrewe kombinasies soos deur die Universiteit goedgekeur:—

Wiskunde, Fisika, Chemie, Geologie, Plantkunde, Soölogie, Fisiologie, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoeding, Voedseltegnologie en verwante vakke.

(ii) 'n Student mag met die goedkeuring van die Universiteit en onderworpe aan roostermoontlikhede kombinasies neem wat afwyk van die voorgeskrewe kombinasies.

11. (i) The course for the Performers' Diploma in Music is a two-year course.

(ii) For admission to this course students must satisfy the University that they are qualified to follow this course.

(iii) The course for the Higher Performers' Diploma in Music is a one-year course after the successful completion of the course for the Performer's Diploma in Music or of a course deemed by the University equivalent thereto.

12. (i) The course of the Diploma in School Music is a three-year course.

(ii) For admission students must hold at least the school-leaving certificate of the Joint Matriculation Board or the senior certificate of one of the provincial departments of education, and must satisfy the University that they are qualified to follow the course.

13. (i) The course for the Diploma for Church Organists is a two-year course.

(ii) For admission students must satisfy the University that they are qualified to follow this course.

14. (i) The course for the Special Teachers' Certificate in Music is the same as for the Teachers' Certificate in Music.

(ii) For admission students must satisfy the University that they are qualified to follow the course.

15. (i) The course for the Primary Teachers' Certificate (Special) in Music is a one-year course.

(ii) For admission students must hold a Primary Teachers' Diploma and must satisfy the University that they are qualified to follow the course.

16. (i) The course for the Teachers' Diploma in Speech Training and Dramatic Art is a three-year course.

(ii) For admission students must hold the matriculation certificate or exemption therefrom, or the school-leaving certificate of the Joint Matriculation Board or a senior certificate of one of the provincial departments of education.

(iii) Exemption from part of the period of attendance may be granted on the grounds of studies already completed.

17. (i) The courses for the Special Teaching Certificate in Speech Training and Dramatic Art, and for the Primary Teaching Certificate (Special) in Speech Training and Dramatic Art, are both one-year courses.

(ii) For admission to either of these courses students must satisfy the University that they are qualified to follow the courses, but a further requirement in the case of the Primary Teachers' Certificate (Special) in Speech Training and Dramatic Art is that students must hold a Primary Teachers' Diploma or a qualification deemed by the University equivalent thereto.

IV.—Special Regulations for the Faculty of Science.

1. (*a*) For admission to the B.Sc. course students must hold the matriculation certificate or an exemption certificate granted by the Joint Matriculation Board and must have passed in whatever subjects, and have reached in those subjects whatever standard the University may require.

(*b*) A student for the B.Sc. degree must attend at least half of the approved courses at this University.

2. (i) The course of study for the B.Sc. degree shall consist of the study of groups of the following subjects, and/or such other subjects as may be approved by the University, taken in the prescribed combinations as approved by the University:—

Mathematics, Physics, Chemistry, Geology, Botany, Zoology, Physiology, Home Economics, Physical Education, Food Technology and allied subjects.

(ii) With the permission of the University a student may take other combinations of subjects than those prescribed, provided the time table permits.

3. Die kursus vir 'n B.Sc.-graad duur drie jaar uitgesonderd in die volgende gevalle, wanneer dit vier jaar duur:—

(*a*) B.Sc. met Liggaamlike Opvoeding as 'n hoofvak waarby daar aan die einde van die vier jaar saam met die graad ook 'n sertifikaat van bevoegdheid om onderwys te gee in Liggaamlike Opvoeding, Fisiologie en Biologie verleen word.

(*b*) Die vierjarige B.Sc.-graadkursus met Huishoudkunde as hoofvak.

(*c*) Die vierjarige B.Sc.-graadkursus met Huishoudkunde as 'n hoofvak, 'n sertifikaat van bevoegdheid om onderwys te gee in Huishoudkunde en verwante vakke word ook verleen.

(*d*) Die vierjarige B.Sc.-kursus ter verkryging van dié graad in Voedseltegnologie.

4. (i) Studente wat in besit is van die B.Sc.-graad van hierdie Universiteit of van 'n ander deur die Universiteit erkende universiteit kan tot die M.Sc.-kursus toegelaat word mits die verworwe B.Sc.-graad na die oordeel van die Universiteit 'n geskikte voorbereiding vir die studie van die M.Sc.-graad uitmaak of mits die kandidaat die aanvullende studies wat deur die Universiteit vereis word, aflê.

(ii) Die studie vir die M.Sc.-graad bestaan uit 'n goedgekeurde leergang van minstens een jaar aan die Universiteit wat 'n periode van studie en navorsing op 'n ander deur die Universiteit goedgekeurde plek kan insluit.

5. (i) Geen kandidaat kan die graad D.Sc. verwerf nie tensy hy 'n leergang van studie en navorsing gevolg het of aan die Universiteit of op 'n ander deur die Universiteit goedgekeurde plek (vir 'n deur die Universiteit goedgekeurde tydperk) gedurende minstens twee jaar nadat hy tot die M.Sc.-graad toegelaat is.

(ii) Vir die verkryging van die graad moet 'n kandidaat 'n proefskrif tot tevredenheid van die Universiteit inlewer en, indien deur die Universiteit vereis, 'n mondelinge eksamen aflê.

6. Tot die tweejarige kursus vir die Diploma in Huishoudkunde word toegelaat studente wat in besit is van minstens die skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n seniorsertifikaat van een van die provinsiale onderwysdepartemente.

7. (i) Tot die kursus vir die Diploma in Hospitaal-Dieetkunde word toegelaat studente wat in besit is van 'n deur die Universiteit goedgekeurde Baccalaureusgraad in Huishoudkunde met aanvullende studies soos deur die Universiteit vereis word.

(ii) Die kursus duur minstens ses maande en moet gevolg word aan 'n deur die Universiteit goedgekeurde hospitaal.

8. Tot die eenjarige kursus vir die diploma in Openbare Higiëne word kandidate toegelaat wat die B.Sc.-graad met Fisiologie as een van die hoofvakke behaal het.

V.—Besondere regulasies vir die Fakulteit van Opvoedkunde.

1. (*a*) Tot die kursus vir die graad van M.Ed. kan studente toegelaat word wat in besit is van—

(i) 'n vir die doel deur die Universiteit goedgekeurde Baccalaureusgraad van en 'n onderwysersdiploma deur die Universiteit vir die doel goedgekeur;

(ii) 'n studierekord vir die onderwysersdiploma soos deur die Universiteit goedgekeur;

(*b*) (i) Studente wat voldoen aan die vereistes onder (*a*) (i) genoem, kan met verlof van die Universiteit die eindeksamen aflê na een jaar van bywoning, mits hulle onderwysondervinding tot tevredenheid van die Universiteit vir 'n deur die Universiteit goedgekeurde tydperk gehad het.

